13 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #30

Geliefde Gemeente,

In ***Psalm 119:59*** roep Dawid uit: ***"Ek het my weë oordink."*** Dit is wat self-beoordeling – ooreenkomstig ***1 Kor. 11:31*** – beteken. Wat beteken dit in praktyk? Ek het myself hoor sê, terwyl ek iemand gisteraand telefonies bedien het: *"Hou op om advokaat van jou lewe te wees;* ***word die Regter van jou lewe."***

Omrede Dawid sy weë oordink het: kon hy bid en vra: ***"Kyk of daar by my 'n weg van smarte is."***

- **<u>Ten eerste</u>:** wil ek die bogenoemde graag in behandeling neem:

  'n Weg van smarte, kan baie aspekte insluit. 'n Gewoonte, wat oor baie jare ontstaan het. Die tragedie, dat jy jouself as funksioneel beskou, terwyl jy in werklikheid in eie krag hardloop, en jou optrede heel dikwels getuig van, eie wil. 'n Weg van smarte, kan ook beteken: dat jy 'n verkeerde koers ingeslaan het; as gevolg van 'n verkeerde besluit, wat in die geesteswêreld, 'n manifestasie van **misleiding** is. Dit beteken, dat daar by jou 'n vaste oortuiging is, dat jy die regte weg volg en selfs kan glo, dat God dit so gewil het: dat jy in die wil van God is, om dan te ontdek, dat dit 'n weg van smarte is, omdat jy **geen vrede ervaar nie.**

- **<u>Tweedens</u>**:

  Balak, die Moabitiese koning ontbied Bileam, om 'n vloek oor Israel uit te spreek. Interessant is die feit dat daar by en in Bileam, 'n mengsel van ***"goed"*** en ***"kwaad"*** was. Die Here kon hom gebruik, maar die sielevyand het hom ook gebruik. Tereg, word ons in ***Open. 2:14*** gewaarsku teen die sonde van Bileam spesifiek: om afgodsoffers te eet en immoraliteit. Wat opgeteken staan in ***Num. 22:32*** is dat hy oppad was, en dat die Engel van die Here sy **Teëstander** was, om hom te verhinder met die woorde: in ***Num. 22:32***: ***"Jou weg loop gevaarlik steil in my oog."*** Volgens ***Jos. 13:22:*** *"Israel het Bileam, die waarsêer met die swaard gedood."* Ons moet in hierdie tyd van inperking, ons vergewis van die feit, of ons nie ons voete op 'n pad gesit het, wat vir ons reg lyk, maar in werklikheid is dit **'n pad van die dood** – ***Spr. 14:22***. Ek onthou by 'n sekere geleentheid, dat ek vir iemand telefonies gesê het: *"Jou pad loop gevaarlik steil."* Daarna het ek die persoon nooit weer in die diens gesien nie. Die gesindheid van Dawid moet in ons heers. Die Gees van onse Here ons God wil ons rig. Laat ons ten alle tye die Here raadpleeg. ***Spr. 3:6*** *"Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak."*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Die sonde van Bileam het meegebring: dat Israel onder die juk van Baäl ingebuk het, en selfs meegedoen het, aan hoerery met die Moabitiese vroue, en die eet van afgodsoffers – ***Num. 25:1-3***.

Die Nuwe Testament leer ons om die gierigheid, wat leierskap aan die dag lê – wie in elk geval goed besoldig is – te verloën, en nie kompromieë aan te gaan, en daardeur aan morele standaarde afbreuk te doen nie. ***2 Pet. 2:15*** *"Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bíleam, die seun van Beor, wat die* ***loon*** *van ongeregtigheid liefgehad het,"* ***Judas v 11*** *"Wee hulle, want hulle het die weg van Kain bewandel en om* ***loon*** *hulleself in die verleiding van Bíleam gestort en in die verset van Korag omgekom."*

- **Derdens**:

  Die **Damaskuspad**: Die pad van ontnugtering; die pad van ingryping; waar en wanneer jy tot stilstand geroep en gedwing word. Die bedoeling is nie om jou te vernietig nie. Die bedoeling is, om jou tot jou sinne te bring. Dit is wat nou wêreldwyd gebeur het. Die bedoeling van die Corona virus, vanuit God se oogpunt, is nie dat jy verlies moet lei nie. Dit is om vir jou die geleentheid te skep, sodat jy jou lewenswyse en lewensstyl kan beoordeel. Om die wêreld tot verantwoording te roep. Hierdie fase in ons geskiedenis, kon ons in ons wildste drome nie voorsien het nie. Geen politikus; geen gemeente; geen organisasie kon dit vryspring nie.

- **Vierdens**:

  **Reguitstraat**: Ons lees in ***Handelinge 9***; *"Saulus op die pad na Damaskus."* Weer eens is dit 'n geval van, dat dit vir hom 'n pad is, wat vir hom reg lyk. In ***Hand. 9:11*** word hy aangesê om na 'n straat te gaan, met die naam van: **"REGUITSTRAAT."** Ananias was besig om daar te bid. God kon Saulus na hom stuur, want Saulus se fondasie moes gelê word, hy moes gedoop word, asook vervul word met die Heilige Gees. Dus, Reguitstraat is die plek: waar ons die ware aanbidders vind; waar toekomstige leierskap rigting kan vind; waar perspektief verkry kan word.

Waar bevind ons onsself?
Wie is ons?
Waarmee is ons besig?

Ek wil die vertroue uitspreek dat, **Reguitstraat**, 'n werklikheid in elkeen van ons se lewe sal wees.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335